

Ds. PJ Kriel

30.01.2022

Inhoud Hierdie preek wys hoe God ons in 'n vyandige openbare lewe instuur om Hom te dien, terwyl Hy self vir ons die uitkomste uit die gevare en bedreigings in 'n vyandige openbare gemeenskap bewerk. Dit wys hoe goddelose predikante en pastore ons verlei om Christus as lewende Here te verloën om onself teen vyandigheid en gevare uit die openbare gemeenskap te beveilig. Dit wys ook hoe Christus van hierdie geestelikes, hul byeenkomste en ondersteuners wyk om sonder hulle voort te gaan om Here van sy kerk te wees.

Skriflesing 1 Samuel 17: 55 – 18: 15; 14: 6 - 10

Teks 1 Samuel 18: 12: "Saul het bang geword vir Dawid, want die Here was met hom, maar het van Saul gewyk."

Tema Die Here hou ons in die openbare lewe diensbaar

1. Ons sluit met hierdie Skrifgedeelte aan by die prediking van verlede Sondag oor Dawid wat Goliath doodgemaak het.

Terwyl Saul en sy weermaghoof, Abner, kyk hoe Dawid na Goliath toe loop, vra Saul vir Abner wie se seun Dawid is. Dit was om sy belofte om sy familie van belasting vry te stel te kan nakom. (17: 25) Abner het Dawid gaan haal om self met koning Saul te kom praat. Dawid het nog Goliath se kop gedra as bewys dat die Here Goliath met al sy militêre mag in Dawid se mag oorgegee het omdat God en nie militêre mag nie mense uit gevaar red. (17: 46.47) Met hierdie gesprek het die kroonprins, Jonathan bygestaan.

In hierdie gesprek tussen Saul, Abner en Dawid het Saul Dawid deel van sy weermag gemaak. Hy kon nie weer terug gaan plaas toe om 'n skaapwagter te wees nie. Dawid het aan al die opvolg operasies van die weermag teen die filistyne deel geneem en gou 'n bevelsposisie (In ons taal 'n offisier) gekry. (18: 2, 5) In vers 17 word beskryf hoe Saul sy belofte uitvoer om Dawid sy skoonseun te maak soos hy beloof het.

Hierdie eerbewys, aanstelling, bevordering en troue met die koning se dogter, alles deur die koning self besluit, lyk op die oog af na 'n baie gunstige en bevoorregte posisie waarin Dawid is. Dit is egter 'n uiters gevaarlike posisie waarin hy is. Ons moet onthou dat as Dawid hier voor die koning verskyn, hy die gesalfde koning is wat God vir Samuel aangewys het in die plek van Saul. Volgens vers 12 as die gesalfde koning met wie God is voor koning Saul van wie God gewyk het.

Dit is 'n uiters gevaarlike aanstelling en lewe want nou leef Dawid elke dag binne die onmiddellike mag en teenwoordigheid van die koning wat hy gaan vervang. Sou Saul van sy salwing geweet het, kon hy hom vir hoogverraad laat doodmaak het.

2. Deur Dawid onmiddellik deel van sy mag en gesin te maak, het Saul eintlik die eer van Dawid se oorwinning oor Goliath as sy eie opgeëis. Hy as koning moes nou die eer kry van een van sy soldate se prestasies.

In hierdie gesprek met die koning en weermagshoof laat God toe egter iets heeltemal anders gebeur: Jonathan het lief geword vir Dawid, soos beskryf: “Jonathan het Dawid lief gekry soos homself.”

Jonathan het saam met sy pa en Abner gestaan toe hulle voor die geveg met Dawid gepraat het, en ook gestaan en luister en kyk na Dawid se geveg met Goliath. Hoe Jonathan Dawid soos homself lief gekry het, moet ons sien in hoe Jonathan die Filistynse wagpos by Migmas aangeval het. (1 Sam. 14) Terwyl sy pa en die hele Israeliese weermag besluiteloos gesit en wag het (14:2), nes hulle bang vir Goliath in die Elah vallei gesit en wag het, het Jonathan die waagmoed geneem om 'n Filistynse wagpos aan te val.

Vir Jonathan was sy geveg ook teen die “onbesnedenes” (17:6), dit is teen die goddeloses met hulle afgodsdienste, net soos Dawid vir Goliath gesien het as 'n onbesnedenes, 'n goddelose afgodsdienaar wat die lewende God bespot. (17: 26)

Jonathan doen ook dieselfde geloofsbelydenis as Dawid oor God en mense se mag met die woorde: “Miskien help die Here ons, want daar is vir die Here geen beperking om deur baie of min te verlos nie.” (14: 6) Dawid het dit só bely: “Jy kom na my met 'n swaard en 'n vegspies en 'n kromswaard, maar ek kom na jou in die Naam van die Here” en dit só uitgebrei: “Dan sal die hele strydmag moet erken dat dit nie deur die swaard of vegspies is wat die Here verlos nie.”

Ook oor oorwinning oor vyande verklaar Jonathan: “want dan gee die Here hulle in ons hand” (14:101) soos Dawid verklaar: “Ja, die oorlog behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee.”

Deur Jonathan se geloofsdaad om die wagpos van die Filistyne aan te val, het God die gerug van die aanval gebruik om die Filistyne in paniek te laat vlug en terwyl hulle mekaar aangeval het. Deur Dawid se geloofsdaad het God die Filistynse weermag op die vlug laat slaan en is hulle deur Israel agter volg en dood gemaak tot in hul beleërde stede.

3. Jonathan het Dawid soos homself liefgekry: hy het in Dawid dieselfde geloof en toewyding aan die Here gesien as wat hy in sy eie hart teenoor die Here gehad het.

“Soos homself lief gekry”, sluit ook Jonathan se verhouding met sy pa Saul in. Jonathan het sy pa se bygeloof, ligsinnigheid met God, sy misbruik van God se Naam en roekelose eïemagtigheid met lewende geeste.

God het Saul as koning verwerp toe hy nie die offergeleentheid as toewydingsdiens aan God geëer het nie maar die as 'n manier gesien het om God se guns te kry vir 'n oorwinning deur vir God te gee wat God wil hê – offerdiere. Eïemagtig het hy homself toe sommerk 'n priester gemaak. (13: 11, 12) Met die veldslag waarin Jonathan die inisiatief geneem het, het Saul eers besluiteloos gesit en wag, en toe skielik verward die ark probeer misbruik vir waarsêery. (14: 18) In Saul se wraaklus het hy sy troepe wat die hakkejaag op die Filistyne uitgevoer het 'n vloek in die Naam van God opgelê as hulle nie godsdienstig was tot en met die aand toe nie. (14:24) Met hierdie misbruik van God se Naam wou hy toe juis vir Jonathan dood maak om sy misbruik van God se Naam te regverdig. (14:44) Om sy manne te motiveer het hy

hulle die vyand se diere laat roof en toe hy hieroor gekonfronteer is het hy voorgegee dat hulle dit geroof het om vir God offer te bring. (15:15)

Omdat hy in Dawid 'n dapper medegelowige gevind het wat nou in dieselfde omstandighede as hy is met sy pa, het Jonathan met Dawid 'n lewenslange vriendskap gesluit. Hierdie ooreenkoms was nie 'n politieke manewer nie, maar was net dit: 'n lewenslange vriendskap van twee medestryders in die geloof in die Here onder die bedreiging van 'n godsdienstig ligsinnige en roekelose maghebber. .

Jonathan verhef Dawid in hierdie vriendskapsluiting wat nog skaapwagtersklere aan het tot 'n mede-prins deur hom sy wapentoerusting as geskenk te gee.

4. Na die veldslag en al die opvolgoperasies keer Saul na sy stad toe terug. Soos in alle militêre oorwinningsfeeste het die dorp vir die koning en soldate 'n heldeontvangs gereël. Die vroue het in beurtsang gesing. Die een groep sing : Saul het sy duisende verslaan” en dan die ander groep “maar Dawid sy tienduisende.”

Saul se plan om Dawid se eer sy eie te maak en homself met Dawid se oorwinning te verheerlik misluk. In die beurtsang van vroue ontvang Dawid die erkenning vir sy geloofsvertroue in God. Hierdie was 'n openbare oomblik waarin Dawid vir die res van sy lewe van die openbare gemeenskap die erkenning gekry het vir sy geloofsmoed. Selfs die Filistyne het van hierdie vroue-erkenning gehoor en dit het later weer 'n rol gespeel toe Dawid met Filistynse hulp homself wou beveilig het teen Saul se wraak. (21:11, 29:4)

Hierdie openbare erkenning van Dawid se geloofsmoed en dat God met hom is, het Saul Dawid se lewenslange vyand gemaak. Hy het Dawid van toe af as bedreiging vir sy koningskap gesien, al het hy nie geweet dat Dawid in sy plek as koning deur die Here gesalf is nie. Met hierdie wantroue in sy hart en Saul tot twee moordpogings toe oorgegaan.

Die eerste was in een van sy gemoedsversteurings waar Dawid weer hom met musiek moes probeer kalmeer het. Hy het Dawid met 'n spies aangeval en probeer doodmaak. Dit sou na die tyd as 'n ongeluk kon verduidelik word omdat Saul soos almal weet weer een van sy onbeheerste uitbarstings sou gehad het. Niemand kon dit as berekende moord na die tyd verdink het nie.

Die tweede moordpoging was om Dawid te bevorder tot 'n hele leërafdeling, amper soos van 'n luitenant na 'n kolonel, sodat Dawid in oorlog kon sneuwel.

5. Die Here was met Dawid maar het van Saul gewyk.

Saul en Dawid is op dieselfde wyse deur die Here self tot koning gesalf. Die Here het vir Saul as plaasseun sy pa se wegloopdonkies gaan laat soek en terwyl hy wegloop donkies gaan soek, het God hom só na Samuel gebring om as koning gesalf te word. (1 Sam. 9) Dawid het as skaapwagter op die plaas vir sy broers kos gevat na die oorlogsfront toe, en só het God Dawid openbaar as die man wat koning oor Israel moet wees.

Die Here was met Dawid maar het van Saul gewyk.

Dit beskryf die verskil in hoe Saul en Dawid God geëer en gedien het. Saul het God gesien as God wat jy met offers te vrede kan stel om jou te gee wat jy wil hê. As 'n god wat jou wraaksug sy eer kan maak en as 'n god wat jou plundering sal regverdig as jy hom 'n deel van jou plundering gee. Saul het homself in sy eiegeregtigheid en eiemagtigheid bemagtig in die Naam van God.

Daarom het God Saul as koning verwerp.

Dawid het homself sy hele lewe lank gesien as dienaar van die Here, binne die troue liefde en sorg van die Here. In hierdie sekerheid het hy sy dienswerk opgeneem as verering van God met die geloof dat God alles volgens sy wil sal beskik. In hierdie diensbaarheid was die Here altyd versorgend en bewarend besig om sy raadsplan met sy kerk deur Dawid uit te voer.

6. God self bewerk uitkoms uit die gevaar en bedreiging waarbinne Hy sy dienaars instuur om God te gaan dien. Dit is hoe God Homself in opeising van Dawid deur Saul openbaar.

God het Dawid as koning gesalf en hom toe deur Saul laat opeis binne in die binnekring van sy mag en gesin. Dit het God beskik deur Saul se belofte vir wat hy die oorwinnaar oor Goliath sou skenk en toe het God Dawid Goliath met 'n slingervel laat verslaan. Saul moes sy belofte vir die oorwinnaar nakom. Hy het dit só gedoen dat hy die eer sou kry. God het sy eersugtigheid gebruik om Dawid binne en deel van die koning se mag en gesin te maak. God het Dawid in sy toekomstige koningskap met al die gevare wat dit sou inhou, ingeoef en binne in die koningshuis van Saul.

Maar God het self vir Dawid van die begin van hierdie gevaar waarin God hom ingestuur het, self van die begin die uitkoms en bewaring gegee - in die vriendskap van die prins in wie se plek Dawid sou koning word. Die prins wie se plek God vir Dawid gegee het, het Dawid soos homself liefgehad.

Jonathan se geloof in die Here was eg, sy liefde vir Dawid as medestryder in die geloof was eg en sy gehoorsaamheid aan sy pa was tot sy dood toe eg. Jonathan se opregte geloof in die Here wys in hoe hy self Dawid as koning in sy plek gesien en aanvaar het. "En mag die Here dan by jou wees, soos Hy by my pa was" (20:13) en "Moenie bang wees nie, want Saul, my pa sal jou nie in die hande kry nie. Jy is die een wat koning sal word oor Israel, en ek self sal tweede in bevel wees. Self my pa Saul weet dit is so." (23:17)

In hierdie liefde van Dawid en Jonathan vir mekaar as geloofsgenote het God Dawid én Jonathan teen Saul beskerm. Uit die vertroulikste binnekring van Saul se eie mag en gesin, was Dawid altyd ingelig deur Jonathan oor gevare en planne teen hom.

Dawid se liefde het Jonathan ook beveilig teen wat Saul Jonathan wou laat wees het. Saul wou Jonathan deel van sy ligsinnigheid met God, sy eiemagtigheid en heersugtigheid maak. As Jonathan in Saul se magsgreep geïsoleer sou gewees het, kon dit hom van sy eie geloof in God, en sy waagmoed om God binne alle gevare dapper te dien, vervreem het. In Dawid het hy 'n geloofsgenoot en

medestryder gehad wat hom teen sy eie pa staande gehou het. In die sekerheid van Dawid se koningskap kon Jonathan wees wie hy vir God wou wees, vry van die magspel van sy pa.

7. God bewerk self vir sy dienaars uitkoms binne in die gevare waarin God hulle instuur om Hom te gaan dien.

God het Dawid nie net deur die liefde van die kroonprins bewaar nie. In Dawid se vertroue in God en sy toewyding aan God, was hy nie eers bewus dat Saul hom opeis om sy die eer van sy oorwinning toe te eien nie. God het Dawid sy openbare erkenning gegee deur dansende vroue wat die Here dankbaar was vir wat God deur Dawid gedoen het.

Dawid het nooit 'n politieke magspel met Saul of Jonathan gespeel nie. Hy het net gedoen wat hy moes - die Here gedein. Ook toe hy uitgestuur was om te moes sneuwel op die slagveld, het hy net gedoen wat hy moes: om voor te wees as hulle aanval en die geveg te lei.

En die lokval waarin hy moes doodgemaak word het God só omskep as die rede hoekom die volk vir Dawid lief gekry het. Hy het die koning geword wat die vol van die Here lief gehad het, terwyl Saul die koning geword het wat vir Dawid en die volk bang geword het.

Want God is as die lewende Here, die Here van alle magte met sy dienaars! God stuur hulle nie in gevare en bedreigings in om vasgevang te word in die magsgreep van goddeloses nie. God stuur hulle in gevare en bedreigings in om binne God se hande Hom te dien!

8. Die Here was met Dawid maar het van Saul gewyk.

Hoe het God van Saul gewyk? Saul wou nie 'n koning in diens van die Here wees volgens die wil van die Here nie. Hy wou deur God bemagtig wees om 'n absolute vors te wees. In hierdie drif het hy van die Here nog net 'n afgod gemaak wat hy met offers en sy ark kon bestuur en beheer.

God wyk van mense wat Hom net nog 'n dooie god maak, soos alle ander afgode dooie gode is. Hy is soos Dawid dit bely die lewende God, die Here oor alle magte. (17: 26, 18:45) Sou God net nog 'n dooie god gewees het, sou Saul homself bemagtig het om koning te wees en te bly. Maar die Here is die lewend God wie 'n dienaar as koning oor sy kerk aangestel het, en as hierdie dienaar dan van God 'n afgod maak, vervang God Hom met sy dienaars Dawid as koning. God maak Dawid koning in Saul se eie magte en huisgesin en beskerm Dawid teen sy haat en moordplanne.

God het van Saul gewyk deur hom nie meer as dienaar te gebruik nie en in sy eie afgodsdienste te los om te glo en te voel God is 'n dooie god terwyl die Here as lewende God sonder hom met sy raadsplan met sy kerk voortgaan. God het met sy kerk voortgegaan sonder Saul. Dit is hoe God van Saul gewyk het.

God was met Dawid deur hom sy dienaar te laat wees en hom in die gevaar en bedreigings van die wêreld in te stuur om God te dien. God het Dawid met die liefde van die kroonprins wie hy as koning moet vervang. 'n Geloofsgenoot wat vir hom 'n dapper medestryder in diens van die lewende God is.

Die Here het nie van Saul gewyk omdat hy 'n sonde of sondes gedoen het nie. Dawid het presies met Batseba se man gedoen wat Saul met hom gedoen het: hom voor in die gevegsfront gesit om doodgemaak te word. En tog het die Here nie van Dawid gewyk nie. Want Dawid het die Here as lewende God vertrou en gedoen, en sy sondes erken en bely in die wete van God se getroue liefde. Saul het van god 'n dooie afgod gemaak om 'n eiemagtige vors te kon wees. God wyk van hierdie misbruik van Hom en los sulke mense in hul afgodsdienste terwyl Hy as lewende God met sy kerk voortgaan.

9. Ons as kerk word gekonfronteer met predikante en lidmate wat van God net nog 'n dooie god maak. Openlik en met drif word Jesus Christus as Here voorgehou as net ons eie opvatting, ons eie mening, ons eie geloofskonstrukt, net ons manier om God te dien en net ons eie belewenisse. So word die Here Jesus Christus as die lewende Here van sy kerk onteer.

Ons word gedreig dat as ons nie deel word van hierdie onttering van die Here as net ons eie dooie afgod nie, sal ons deur die gemeenskap verwerp word en sal ons binne die gevaar en dreiging van 'n vyandiggesinde openbare gemeenskap moet leef. Ons moet onself van hierdie gevaar en dreiging beveilig deur van die Here Jesus net nog 'n afgod te maak sodat ons deur die openbare gemeenskap aanvaar kan word.

Maar die Here is die lewende God wat van mense wyk wat van Hom net nog 'n afgod maak. Hy los mense in hul goddelose verwerping van Hom as Here en gaan aan om die lewende Herder van sy kerk te wees. Die Here word nie vir mense die dooie afgod wat hulle wil hê nie. Meer nog, sy getroue dienaars wat Hom vertrou en in sy troue liefde bly leef, vir hulle bewerk en gee Hy uitkoms uit al die gevare en bedreigings waarbinne die Here hulle Hom laat dien.

Hy het en doen dit vandag nog steeds: deur binne die sogenaamde openbare vyandige gemeenskap met die mag van die owerheid mense te gee wie in ons mense vind wie hulle lief het soos hulle self – medegelowiges wie God dapper dien.

10. Dit is 'n illusie dat die openbare gemeenskap aan goddelose mense behoort en God in die openbare gemeenskap net 'n dooie god is wat niks met hierdie magte doen nie. Net soos dit Saul se illusie was dat omdat hy koning was die regering en gemeenskap Dawid net so sou gehaat het soos hy. God het die gemeenskap vir Dawid lief laat word en sy eie seun Dawid laat lief kry soos homself.

Ons mag nie glo dat God net ons eie ervaring is en ons uit die gevare en bedreigings van die openbare lewe en gemeenskap in ons eie spiritualiteit onttrek nie. Die Here Jesus is die lewende God, Here oor alle magte en Hy sal vir ons liefde skep waar mense ons wil haat en ons beveilig waar mense ons met ons geloof en diens aan God uit die openbare lewe en gemeenskap wil verdring. En wanneer hulle ons wil onteer en die eer van ons diens en liefde vir God vir hulle eie magtigheid wil opeis,

Die Here hou ons in die openbare lewe diensbaar

sal dit hulle eie kore wees wat ons openbare erkenning vir ons vertrou en diens aan God dal gee.

Kom ons gaan dien die Here dapper in die openbare lewe en gemeenskap met die wete dat Hy met ons is: die lewende God, Here oor alle magte. Kom ons vertrou die Here dat Hy liefde skep waar haat teen ons as sy kerk gestook word en uitkoms gee deur hulle wat deur hul geloof in die Here ons sal lief hê, soos hulle self.

Kom ons gaan wees ook dapper gelowig en diensbaar aan God sodat hulle wat in die openbare gemeenskap magtsposisies het, ons ook soos hulle self kan lief kry. Kom ons sien hoe die Here wyk van al die predikante en gemeentes van hulle wat Hom net nog 'n afgod wil maak omdat hulle bang is vir die openbare gemeenskap.

Die Here was met Dawid maar het van Saul gewyk! Die lewende Here sal met ons wees en van hulle wyk. Hy sal voortgaan met ons as die lewende Here van sy kerk en hulle in hul waanbeelde oor god agter los.